# Afrikaans

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## BESKRYWING VAN DIE VAK:

In Huistaalonderrig val die klem meer op die verfyning van die taalvaardighede en die estetiese aanvoeling om sodoende 'n holistiese taalbewustheid te kweek met 'n ingesteldheid vir woordvariasie, kommunikasie en die aanleer van korrekte taalgebruik, om leerders se woordeskat uit te brei, korrekte sinskonstruksies toe te pas en kritiese taalbewustheid te ontwikkel.

## INHOUD VAN DIE VAK:

### LUISTER EN PRAAT

Deur middel van effektiewe luister en praat, word inligting versamel en saam gevoeg en kennis gebou, probleemoplossingsvaardighede en meningsvorming aangemoedig.

### LEES EN KYK

Die ontwikkeling van kritiese denke word bevorder, met die doel om 'n bedrewe leser in die lees van literêre, asook visuele tekste te word.

### SKRYF EN AANBIED

Gereelde skryfoefeninge stel die leerders in staat om funksioneel en kreatief in Afrikaans te kommunikeer. Die leerders leer om idees en gedagtes duidelik te formuleer en oor te dra.

### TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Stel die leerder in staat om met Afrikaanse taalgebruik te eksperimenteervop woord- en sinsvlak, asook in volledige formele of informele tekste.

*"Om in jou moedertaal onderrig te ontvang is 'n reusevoorreg."*